# Bybel Avonture vir Jong Lesers



LES 12

# Een Groot Gelukkige Familie

## Ek kan teks Lees

**“Julle is almal in Christus gedoop... In Christus is daar nou geen verskil tussen jood en griek .... slawe en vrye mans .... man en vrou.” — Galasiërs 3:26-28**

## My Storie

Het jy al ooit 'n gesinshereniging bygewoon? Dit is wanneer jy en jou familie, jou niggies, jou tannies jou ooms, jou grootouers - enigiemand wat deel van jou familie is kom bymekaar om te praat en te lag en om die ou tye te onthou.
Een ding wat jy mag opmerk as jy rondkyk na al daardie mense, is dat die meeste van hulle lyk nie soos jy nie, klink nie soos jy nie, of tree selfs nie op soos jy nie. Sommige is lank. Sommige is kort. Sommige is groot. Sommige is klein. Jy mag blonde hare sien, swart hare sien, bruin hare sien, of selfs geen hare sien nie.

Jy kan dalk 'n lawaaierige persoon in jou gesin langs 'n baie stil persoon vind. Hulle lyk almal anders en verskil, maar hulle is almal deel van jou familie.
Daar kan party mense by jou gesinshereniging wees wat 'n moeilike tyd ervaar met geld probleme of gesondheid probleme of selfs hulle huwelik.
Hulle kan hartseer en bekommerd wees terwyl ander gelukkig is en al die tyd lag.
Jy sal ryk mense vind, arm mense en almal tussen in. Maar hulle is almal familie, en jy kry die geleentheid om elkeen lief te hê. Dit maak gesinne spesiaal.

**Maak hier 'n klein familie foto album.** Jy kan werklike prente, afskrifte van prente of tekeninge gebruik om die lede van jou gesin voor te stel. Maak seker dat jy hulle naam bysit en julle verhouding (oom Todd, tannie Megan, broer Bill, ens.) vir elke persoon. Kyk na die voorbeeld; maak dan jou eie een.




Het jy geweet dat jy elke week na 'n gesinshereniging kan gaan? Dis reg. Wanneer jy jou skoonste klere aantrek en na die kerk naby jou gaan, moet jy bymekaar kom met 'n klomp mense wat jou familie is. Dink daaroor. By kerk, julle het almal dieselfde Vader-God! Jesus is God se Seun, wat Jesus jou broer maak. Reg? En aangesien ons almal familie is van die eerste mense van die aarde - Adam en Eva - is ons almal familie van mekaar. Net soos by jou gesinshereniging waar jy jou tannies, ooms en niggies vind, kan jy by die kerk tyd spandeer en geniet saam met jou broers en susters in Christus. Jy kan lofprysing sing aan jou Vader in die hemel en saam die Bybel bestudeer om te sien watter raad Hy daardie dag vir jou het. So, moenie verbaas wees om kort mense, lang mense, lawaaierige mense, stil mense te vind nie, hartseer mense, gelukkige mense, siek en gesonde mense, almal is in jou kerkfamilie. Die beste deel van als, is jy kan lief wees vir elkeen van daardie mense by jou kerk. Hulle is immers jou familie!

# My Bybel Avonture

Wat beteken die woord kerk? Kom ons vind uit. Soek die teksverse in die **BIBLIOTEEK** en vul dan die ontbrekende woorde hieronder in.

"Julle is ____________ se ___________ en elkeen van julle is 'n noodsaaklike


_________________________"**(1 Korintiërs 12:27).**

"Hier volg nou 'n lys van sommige van die "liggaamsdele wat God aan sy gemeente gegee het), eerstens die _____________ (diegene wie help om die kerk te bestuur), tweedens die _____________ (diegene wat die kerk help om sy vele doelwitte te bereik) derdens die wat _______________ gee (diegene wat die Bybel aan ander lede verduidelik. Dan die wat _____________ doen (diegene wat die Heilige Gees help werk in die kerk), die met ___________ van _______________ (diegene wat genesing bring vir verstand en liggaam) die wat ander __________________ die wat ____________ gee, die wat in ______________ praat." **(1 Korintiërs 12:28).**

Na die lees van die bogenoemde teksverse, watter liefdevolle diens kan jy aan jou kerk familie gee, vandag sowel as in die toekoms? Dink daaroor en skryf dan jou antwoorde hieronder. Miskien kan jy mense aanmoedig, diegene help wat hartseer is, deel jou musikale talent, leer 'n Sabbatskool klas of preek selfs 'n boodskap. Miskien wil jy graag uit die Skrif lees of 'n gebed doen. Skryf dit neer; vind dan 'n manier om dit te doen!

Vandag kan ek _______________________________________ vir my kerk doen.

In die toekoms kan ek _______________________________________ vir my kerk doen.



## Pret Feite

***'N GROOT FAMILIE!***

*• Meer as vier miljoen babas word gebore elke jaar in die Verenigde State.*

*• 'n Britse man hou die wêreld rekord vir die grootste stamboom vir byna 10.000 familielede en voorouers!*



# My Gebed

**Dankie, Jesus, vir my familie en my kerkfamilie.
Help my om 'n goeie lid van elkeen te wees en U liefde te deel met almal. Amen.**

# Biblioteek

- “Julle is Christus se liggaam en elkeen van julle is ’n noodsaaklike liggaamsdeel” **(1 Korintiërs 12:27).**
- Hier volg nou ’n lys van sommige van die “liggaamsdele” wat God aan sy gemeente gegee het: eerstens die apostels, tweedens die profete, derdens dié wat onderrig gee, dan dié wat wonders doen, dié met gawes van genesing, dié wat ander ondersteun, dié wat leiding gee, dié wat in tale praat. **(1 Korintiërs 12:28).**

# My Vriend Ellen Skryf

***"Deur sy mense in die kerk saam te roep, ontwerp God hulle so dat hulle een Christelike familie sal vorm en daagliks geskik sal wees vir lidmaatskap in die [hemelse] familie bo " (In Heavenly Places, bl. 283).***

## muntstuk vir jou gedagtes

**Lys ‘n paar ander maniere hoe jy jou kerk en kerkfamilie kan uithelp.**

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________